## 15 Julie - LEWE

**Skrifgedeelte: Handelinge 17:16-34**

Verlore in hulle "godsdienstigheid"! Só het Paulus die mense van Atene gesien. Hulle afgode en afgodediens het vertel van die mens se verdorwenheid en die misleiding deur Satan. Wie in die één lewende en ware God glo, belewe alle afgodediens en afgodsbeelde as weersinwekkend.

As reaksie teen die "godsdienstigheid" van die Ateners sien ons Paulus op die stadsplein dringend besig om die evangelie bekend te maak (vs 17). Die erns waarmee hy praat het aanvanklik selfs die wysgere beïndruk. Hulle neem hom saam na die Areopagus, wat beteken "die mark van die geeste".

Paulus staan voor hulle, terwyl hy weet dat hy die weg tot die ware lewe ken, maar ... dit was méér as wat die Ateners gesoek het. Hulle was tevrede met afleiding ... om iets nuuts te hoor. Iets nuuts ... ja, as Paulus begin praat, dan hoor hulle ongehoorde dinge. Paulus vertel hulle die grootste nuus met die genesende boodskap. Tussen al die stom afgode van Atene vra hy aandag vir die sprekende God. Sy boodskap vra geen debat nie en hoef nie beoordeel te word nie. Dit oordeel self en dit red. Inderdaad, dit was in Atene ongehoord, iets nuuts. Aan 'n sterwende wêreld word die ware lewe verkondig in Christus se opstanding!

Vandag nog is dit pynlik om mense te sien wat met innerlike vertwyfeling altyd weer rondsoek na iets nuuts wat hulle 'n tydjie kan boei: 'n nuwe politiek, 'n nuwe ekonomie, 'n nuwe kuns, 'n nuwe godsdiens. As die hart egter oud bly, moet dit sterwe.

Paulus gaan haastig verder. Tog bly daar enkele mense agter wat deur die krag van die evangelie oorweldig is!

Vandag nog is dit ons taak om altyd en oral die Woord van die lewe uit te dra. As ons dink aan die werk in ons stede en in ons samelewings, dan word ons soms moedeloos. Dan sê ons in ons hart: die stede is verlore. Laat ons nie moedeloos word nie. Jesus Christus wandel vandag nog deur ons strate. Die klein kerngroepies mense wat sy Naam liefhet, gebruik Hy as operasiebasis vir die koms van sy koninkryk.

Midde-in ons verwarring klink sy stem nie vergeefs nie, en oral sorg Hy vir groepe wat uit Hom lewe en met Hom die toekoms tegemoet gaan, die toekoms wanneer God alles en in almal sal wees.

*Sing: Skrifberyming 36:1* *Prof F Denkema (Emeritus)*